(4) Behalwe die aansoekvorms vereis deur subreël (2) en die gelde ingedien ingevolge subreël (3), moet 'n persoon by die registrateur sodanige bewys van kwalifikasies, sertifikate van praktiese ervaring of ander dokumente wat bewys van sy aanvaarding vir registrasie aandui, indien: Met dien verstande dat waar enige sodanige sertifikaat of dokument verlore gegaan het of vernietig is, hy skriftelike bevestiging deur 'n bevoegde owerheid mag verskaf tot dien effekte dat sodanige sertifikaat of dokument aan hom uitgereik is: Met dien verstande voorts dat vir persone genoem in subreël (1), die register gehou deur die Sentrale Landmetersraad ingestel ingevolge die Landmetersregistrasiewet, 1950 (Wet 14 van 1950) onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet, geag sal word as voldoende bewys van die geskiktheid van enige sodanige landmeter vir registrasie as 'n professionele landmeter ingevolge die Wet.

(5) Nadat hy homself vergewis het dat die aansoeker geregtig is om geregistreer te word, moet die registrateur sy naam en sodanige ander besonderhede waarna verwys word in artikel 26 van die Wet, aanteken in die register en aan hom 'n registrasiesertifikaat uitreik deur gebruik te maak van vorm H aangeheg by hierdie reëls.

Registrasie- en jaargelde

13. (1) Die registrasie- en jaargelde vir verskillende registrasiekategorieë moet jaarliks deur die raad bepaal word ingevolge artikel 7 (1) (g) van die Wet, en bekend gemaak word aan alle persone geregistreer ingevolge die Wet.

(2) Die jaargelde soos bepaal deur die raad sal verskuldig en betaalbaar wees op die eerste dag van April van elke jaar: Met dien verstande dat 'n aansoeker om registrasie na die 30ste dag van September van enige jaar slegs verplig sal wees om die helfte van die jaargelde ten opsigte van die onverstreke gedeelte van die jaar saam met die registrasiegelde te betaal.

Geregistreerde adres

14. (1) Elke persoon geregistreer ingevolge die Wet moet die raad saam met sy aansoekvorm om registrasie voorsien van 'n adres wat die plek moet aandui waar en waarvandaan hy gewoonlik sy opmetingsbedrywighede voer, en wat deur die registrateur in die register aangeteken moet word.

(2) 'n Persoon geregistreer ingevolge die Wet mag nie meer as een geregistreerde adres hê nie en hy mag nie sodanige adres wysig nie voor die verstryking van 60 dae na skriftelike kennisgewing van die voorneme om te wysig en van die nuwe adres wat aan die raad verstrek is: Met dien verstande dat die raad op skriftelike aansoek deur sodanige persoon aan hom gerig 'n korter tydperk van skriftelike kennisgewing mag aanvaar.

(3) Vir die doel van vasstelling van gelde vir afstande gereis, moet 'n geregistreerde persoon sy geregistreerde adres as sy hoofkwartier beskou.

(4) 'n Geregistreerde persoon mag nie enige ander adres as daardie geregistreer by die raad van die uitvoering van sy opmetingsbedrywighede gebruik nie.

HOOFSTUK VIII

Onbetaamlike gedrag

15. Die onderhawige handelinge en versuime deur 'n persoon wat geregistreer is of was ingevolge die Wet, sal onbetaamlike gedrag behels (bykomstig tot onbetaamlike gedrag waarna in artikel 28 van die Wet verwys word) en na watter handelinge en versuime die raad ondersoek mag instel ingevolge artikel 29 (1) van die Wet:

(1) Werk van 'n opmetingsaard onderneem vir die uitvoering waarvoor hy onvoldoende opgelei is of oor te min ervaring beskik;

(2) enige opmetingswerk wat deur hom onderneem is, op 'n onbekwame, roekelose of nalatige wyse uitvoer;

(3) 'n naam met 'n misleidende inhoud gebruik vir die titel en styl of naam van sy firma;

(4) enige plan of dokument waarvan hy of sy firma nie die bona fide-outeur is nie, onderteken of andersins identifiseer as sou dit deur hom of sy firma uitgereik wees;

(5) sonder 'n gegronde rede versuim om te voldoen aan die bepalings van enige kontrak deur hom onderneem;

(6) homself adverteer of enige sodanige advertering toelaat of enige strooibiljet, pamflet, of enige ander artikel in verband met sy praktyk, uitreik of toelaat om uitgereik te word, behalwe aan persone geregistreer ingevolge die Wet, en versprei deur 'n Instituut;

(7) enige inligting in verband met sy naam, status, praktyk, vennote of hulle takkantore in enige adresboek publiseer, of enige persoon (uitgesonderd die raad of 'n instituut waarna verwys word in artikel 3 (2) (a), (b), (c), (d), (e) en (i) van die Wet met die toestemming van die raad) toelaat om sodanige inligting te publiseer;

(8) toelaat dat sy naam gebruik word in verband met die advertering van enige opmetingsuitrusting, of in sy hoedanigheid as 'n geregistreerde persoon, met enige ander artikel;

(9) enige artikel in die lekepers gepubliseer of toelaat om gepubliseer te word waarin onnodige verwysing gemaak word na sy kwalifikasies of status;

(10) enige briefhoof, rekeningvorm, kwitansievorm of ander dokument gebruik of toelaat om gebruik te word, waarop gedruk is—

(a) kwalifikasies wat na die mening van die raad onbestaanbaar is met sy opleiding en ervaring; of

(b) twee of meer adresse;

(11) op enige manier werk bedel of kliënte werf of vir enige opmetingswerk, hetsy persoonlik of deur 'n agent, of om direk of indirek enige persoon te vergoed deur hom by 'n kliënt aan te beveel of om aan hom opmetingswerk te besorg;

(12) in sy hoedanigheid as 'n geregistreerde persoon 'n vennootskap sluit met enige persoon behalwe 'n stads- en streekbeplanner, 'n bourekenaar, 'n argitek en 'n professionele ingenieur, respektiewelik geregistreer ingevolge die Wet op Stads- en Streekbeplanners, 1984 (Wet 19 van 1984), die Wet op Bourekenaars, 1970 (Wet 36 van 1970), die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970), en die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968): Met dien verstande dat alle vennote dieselfde status besit;

(13) na te laat om binne 60 dae nadat hy skriftelik deur die raad gelas is om aldus te doen, om enige vennootskap of ander assosiasie waarvan hy 'n lid is in sy hoedanigheid as 'n geregistreerde persoon, te ontbind;

(14) gelde hef of 'n beraming van gelde verskaf vir dienste wat in konflik is met die gelde voorgeskryf kragtens die Opmetingswet, die Wet op Deeltitels, of die gelde goedgekeur deur die Minister ingevolge artikel 7 (1) (k) van die Wet;

(15) met betrekking tot enige opmeting 'n persoon in diens neem—

(a) wie se naam van die register verwyder is ingevolge die Wet, of wie se reg om te praktiseer opgeskort of gekanselleer is ingevolge artikel 14 van die Opmetingswet; of

(b) wat geskors is van praktisering ingevolge die Wet of artikel 14 van die Opmetingswet, tydens die tydperk van sodanige skorsing;

(16) 'n ongeregistreerde persoon toelaat om hom by te staan deur die uitvoering van metings in die veld sonder om behoorlike beheer uit te oefen.

(17) ten opsigte van kadastrale opmetings—

(a) meer as vier assistente in die veld persoonlik onder toesig hou; of

(b) 'n assistent toelaat om veldwerkverrigtinge uit te voer sonder om persoonlik sodanige verrigtinge onder toesig te hou;

(c) sal 'n assistent vir die doel van hierdie subreël beteken 'n persoon wat fisiese metings in die veld maak;

(18) tender vir kadastrale opmetings, of reageer op advertensies in die lekepers of enige omskrywes beantwoord waarin kwotasies vir kadastrale opmetings aangevra word;

(19) tender of aanbied om te tender vir nie-kadastrale opmetingwerk tensy tenders vooraf die geleentheid gebied is deur of namens die persoon wat behoef dat sodanige werk gedoen moet word: Met dien verstande dat enige tender 'n bona fide-tender moet wees en mag nie gedoen word vir die doel, of as 'n middel, om vir enige ander opmetingswerk werk te bedel of kliënte te werf nie;

(20) 'n ander geregistreerde persoon te vervang ten opsigte van enige opmetingswerk wat hy weet, of behoort te geweet of vermoed het, toegeken is aan sodanige ander geregistreerde persoon sonder om eers van hom vas te stel, skriftelik of op enige ander wyse aanvaarbaar vir die raad, dat die dienste beëindig is en dat enige gelde betaalbaar aan laasgenoemde in verband met sodanige werk, betaal is of beveilig is tot sy bevrediging en tot die bevrediging van die raad;

(21) enige opmeting uitvoer waarvoor die betaling van gelde vereis word as 'n voorwaarde tot die verkoop of verhuur van die grond aldus opgemeet;

(22) ongeregverdiglik deur woord of implikasie refleksie werp op die eer, reputasie of vernuf van enige geregistreerde persoon;

(23) enige daad pleeg wat daarop bereken is om die raad of enige van sy lede of amptenare of die opmetingsbroederskap te minag of in diskrediet te bring;

(24) homself oneerbaar gedra in verband met enige werk deur hom of onder sy persoonlike toesig uitgevoer;

(25) versuim om sy naam of die naam van sy firma aan te bring op enige plan of dokument wat hy as 'n geregistreerde persoon voorberei het of waarvoor hy of sy firma verantwoordelikheid aanvaar;

(26) 'n sertifikaat toestaan in sy hoedanigheid as 'n geregistreerde persoon tensy hy homself tevrede gestel het dat die feite volledig lik en korrek daarin weergegee is;

(27) terwyl in die gesalarieerde diens van enige ander persoon as 'n professionele landmeter, 'n firma van professionele landmeters, 'n Staatsdepartement, 'n plaaslike bestuur, 'n opvoedkundige instelling of 'n openbare nutsmaatskappy, ten behoewe van of in opdrag van daardie persoon, enige kadastrale opmeting uitvoer of enige werksverrigting onderneem wat deur 'n professionele landmeter uitgevoer mag word ingevolge die Wet op Deeltitels. In hierdie subreël sal die woord "persoon" insluit enige firma of vennootskap en enige ingelyfde of oningelyfde liggaam, vereniging of maatskappy;

(28) sonder die toestemming van die raad 'n gesalarieerde betrekking aanvaar vir die uitvoering van kadastrale opmetings, of werkverrigtinge onderneem wat uitgevoer mag word deur 'n professionele landmeter ingevolge die Wet op Deeltitels, wat nóg op 'n permanente basis nóg op 'n voltydse basis berus en teen vergoeding wat deur die raad as ontoereikend geag word, behalwe as sodanige betrekking in die diens van 'n ander professionele landmeter is;

(29) die voordeel van 'n gesalarieerde betrekking gebruik om onregverdiglik met ander geregistreerde persone mee te ding;

(30) die uitvoering en voltooiing van werk aan hom deur 'n kliënt toegeken, op onredelike wyse te vertraag;

(31) versuim om enigiets te verrig wat van 'n geregistreerde persoon ingevolge hierdie reëls vereis word:

Met dien verstande dat niks in die voorgaande subreëls 'n professionele landmeter, 'n opmeter of 'n opmetingstegnikus wat kragtens artikel 22 (4) (b) (ii) van die Wet gemagtig is om te praktiseer, sal weerhou—

(a) om sy handtekening en die naam van sy firma op enige dokument of model wat deur hom of sy firma voorberei is, te plaas nie;

(b) om 'n naambord of paneel van middelmatige afmetings en eenvoudige aard, wat sy naam of die naam van sy firma en sy status dra, buite sy kantoor en by die ingange van die gebou waarin sy kantoor geleë is, te vertoon nie;

(c) om op versoek 'n besigheidskaart of gedrukte inligting aangaande sy praktyk aan *bona fide* voornemende kliënte uit te reik nie;

(d) om *bona fide* kliënte te adviseer aangaande enige verandering van adres of personeel van sy firma of van die ontbinding van enige vennootskap;

(e) om op versoek 'n beraming van opmetingskoste gebaseer op 'n geldetarief voorgeskryf deur 'n bevoegde gesag, te verstrek nie;

(f) om gelde te verminder of af te skryf vir erkende godsdienstige, liefdadigheids- of ander soortgelyke instellings nie, of om dienste kosteloos of teen verminderde gelde te lewer aan enigeen wat sodanige diens in *forma pauperis* benodig;

(g) om te tender vir nie-kadastrale opmetings in ooreenstemming met die bepalings van subreël (15) nie;

(h) om 'n ander persoon te vervang op die versoek van 'n kliënt of die plaaslike instituut ten opsigte van enige opmetingswerk toevertrou aan sodanige persoon deur die gesegde kliënt, wat op onredelike wyse vertraag is en nadat sodanige persoon nagelaat het om binne drie weke te reageer op 'n skriftelike versoek deur die gesegde instituut om die gesegde werk te voltooi;

(i) om sy naam, status, die naam van sy firma, die adres en telefoonnommer te publiseer met die gewone soort letters gebruik in die standaard amptelike telefoongids vir die gebied waarin sy geregistreerde adres geleë is;

(j) om toe te laat dat sy naam, status, die naam van sy firma, die adres en telefoonnommer gelys word in 'n ledelys van 'n organisasie waarvan hy 'n lid is;

(k) om die volgende inligting op sy briefhoof te verskaf nie:

(aa) Die naam waaronder sy firma optree, watter naam moet bestaan uit eiename en mag die name van huidige geregistreerde persone in die firma en die name van huidige vennote met wie vennootskappe gesluit mag word insluit en watter vennootskap goedgekeur is deur die raad ingevolge reël 15 (12): Met dien verstande voorts dat 'n vorige naam van die firma gebruik mag word en dat die naam van 'n vorige vennoot behou mag word in die naam van die firma;

(bb) 'n beskrywing van die diens wat gelewer kan word, soos landmeting, stadsbeplanning, dorpebeplanning, topografiese- en ingenieursopmeting, mynopmeting, deeltitelopmeting, fotogrammetriese opmeting, en eiendomswaardasie: Met dien verstande voorts dat 'n term soos spesialis of konsultant slegs gebruik mag word indien 'n vennoot of assistent by 'n bepaalde kantoor in besit is van 'n kwalifikasie, diploma of graad erken deur die raad, of na die mening van die raad voldoende ervaring besit om die gebruik van sodanige term te regverdig;

(cc) 'n naamlys van die vennote in die firma en die name van geregistreerde assistente: Met dien verstande voorts dat waar sodanige vennote of assistente vanaf 'n ander kantoor van die firma optree, die adres en telefoonnommer van sodanige kantoor op die briefhoof aangedui mag word;

(dd) die adres van die kantoor as synde die geregistreerde adres van die geregistreerde persoon wat van daardie kantoor optree;

(ee) die pos-, teleks- en telegrafiese adres van die kantoor;

(ff) die telefoonnommers van die kantoor en die huistelefoonnommers van die vennote wie se geregistreerde adresse in die dorp of metropolitaanse gebied is waar sodanige kantoor geleë is;

(gg) sy woonadres bykomstig tot sy geregistreerde adres;

(l) om sy naam of die naam van sy firma te plaas in enige advertensie wat hy namens sy kliënt in die regs- of tenderkolomme van 'n koerant opgeneem het;

(m) om die woorde professionele landmeter, opmeter of opmetingstegnikus of die naam van sy firma in te sluit in enige artikel wat betrekking het op landmeting wat hy mag gepubliseer het;

(n) om sy naam of die naam van sy firma te laat insluit saam met die van lede van ander professies op enige aanplakbord wat 'n groot konstruksieprojek adverteer;

(o) om toe te laat dat sy naam of die naam van sy firma verskyn in enige advertensie wat betrekking het op personeelwerwing;

(p) om te verskyn in 'n dokumentêre film wat betrekking het op landmeting, en in die verloop waarvan melding gemaak word, in soverre as wat dit redelikerwys noodsaaklik is vir die doeleindes van die gesegde film, van die woorde professionele landmeter of opmeter, of die naam van die tersaaklike persoon of van die naam van sy firma:

Met dien verstande voorts dat niks in die voorgaande subreëls 'n professionele landmeter of opmeter verbied om in vennootskap te gaan met 'n professionele landmeter of opmeter nie.

HOOFSTUK IX

Ondersoeke na beweerde onbetaamlike gedrag

16. (1) In die geval waar beweerde onbetaamlike gedrag aan die kant van enige persoon wat 'n persoon geregistreer ingevolge die Wet is of was, gerapporteer word aan die raad of aan enige instituut waarna verwys word in artikel 3 (2) (a), (b), (c), (d), (e) en (i) van die Wet, moet die aangeleentheid verwys word na die president wat hom na die liggaam of persoon wat die klag lê of die aantyging maak, sal wend, en dit of hom sal oproep om 'n beëdigde verklaring te verskaf wat in saaklike terme die spesifieke handelinge waaroor gekla of 'n aantyging gemaak word, in besonderhede te verstrek.

(2) By ontvangs van die beëdigde verklaring moet die president 'n afskrif daarvan stuur aan die persoon teen wie die klag, aanklag of aantyging aanhangig gemaak is, en hom oproep om binne 21 dae 'n skriftelike verduideliking by die president in te dien, gestaaf deur 'n beëdigde verklaring in antwoord op die klag, maar hom waarsku dat enige verduideliking deur hom verstrek, gebruik mag word in getuienis sou 'n verhoor plaasvind.

(3) By ontvangs van sodanige verduideliking, of indien geen verduideliking van die betrokke persoon ontvang word nie, moet 'n onderkomitee bestaande uit die president, die vise-president en die senior professionele landmeter in die diens van die Staat en wat 'n lid van die raad is, die klag, aanklag of aantyging en die verduideliking (indien enige) oorweeg en indien, na die mening van die onderkomitee, die verklarings wat verskaf is geen *prima facie* bewys van onbetaamlike gedrag openbaar nie, moet die president onverwyld beide die klaer en die betrokke persoon aangaande daardie feit skriftelik verwittig.

(4) Sou die onderkomitee oorweeg dat die verklarings verskaf *prima facie* bewys van onbetaamlike gedrag openbaar, moet die president die lede van die raad ooreenkomstiglik verwittig en skriftelik by wyse van geregistreerde pos die name van 'n komitee van ondersoek ingevolge reël 4 voorlê aan die lede vir hulle goedkeuring.

(5) Die lede moet skriftelik aan die president hulle aanvaarding of ander voorstelle wat betrekking het op die samestelling van die komitee, binne 21 dae vanaf die datum van die kennisgewing genoem in subreël (4), aandui.

(6) Behalwe soos voorsiening gemaak is in reël 4 (2), wanneer die president tevrede is dat die meerderheid van die lede saamstem oor die samestelling van die komitee van ondersoek, moet hy die lede van sodanige komitee in kennis stel, en tegelykertyd meld waar en wanneer die verhoor gehou sal word.

(7) Die president moet 'n dagvaarding in die vorm J aangeheg by hierdie reëls geadresseer aan die betrokke persoon, uitreik (hierna verwys as "die beskuldigde") wat meld waar en wanneer die verhoor gehou sal word.

(8) Die president moet, tesame met die dagvaarding, die beskuldigde voorsien van 'n kopie van hierdie reëls en met sodanige beëdigde verklarings en ander dokumente as wat hy dienstig ag. Boonop moet die president die beskuldigde voorsien van 'n skedule van alle ander dokumente in sy besit wat gebruik mag word as bewystukke by die ondersoek, en die beskuldigde sal geregtig wees voor die ondersoek, om insae te verkry in die bewysstukke en, indien hy aldus begerig is, om kopieë daarvan te maak.

(9) Die dagvaarding moet op die beskuldigde bedien word by sy geregistreerde adres of aan hom gestuur word by sy geregistreerde adres per geregistreerde brief.

(10) Wanneer ookal die klaer of die beskuldigde die president skriftelik versoek dat enige persoon of persone gedagvaar moet word om getuienis ten behoewe van hom af te lê, of wanneer ookal die beskuldigde die teenwoordigheid van die klaer of enige persoon wat getuienis aflê ten behoewe van die klaer vir doeleindes van kruisverhoor vereis, moet die president, indien hy van oordeel is dat sodanige persoon of persone, of enige ander persoon of persone, noodsaaklike getuies is, sodanige persoon of persone dagvaar om voor die komitee te verskyn ten einde getuienis af te lê. Die gelde betaalbaar aan getuies sal in ooreenstemming wees met die tarief vir kriminele sake in Landdroshowe en sal betaalbaar wees deur die raad.

Prosedures by verhore

17. By 'n verhoor belê ingevolge hierdie reëls moet die volgende prosedure gevolg word:

(1) Wanneer die klaer persoonlik verskyn of verteenwoordig word deur 'n advokaat of 'n prokureur—

(a) moet die president die dagvaarding geadresseer aan die beskuldigde voorlees, en bewys van behoorlike bediening daarvan ter tafel lê;

(b) getuienis moet afgelê word deur of namens die klaer ter ondersteuning van die klaer;

(c) wanneer al die getuienis tot beskikking van die klaer, gelei is of ter ondersoek voorgelê is, moet die beskuldigde, sy advokaat of prokureur, geleentheid gebied word om getuienis af te lê of te lei in antwoord op of ter weerlegging van die klag; en

(d) wanneer al die getuienis gelei is ten behoewe van beide die klaer en die beskuldigde, mag elke party, hetsy persoonlik of deur sy advokaat of prokureur, die komitee toespreek.

(2) Wanneer geen klaer verskyn nie—

(a) moet die president die dagvaarding geadresseer aan die beskuldigde voorlees en bewys van behoorlike bediening daarvan ter tafel lê;

(b) moet die president vervolgens aan die komitee die beëdigde verklaring ten opsigte van die klag deur die klaer ingedien, voorlees, en moet enige dokumente of ander getuienis wat ter ondersteuning daarvan ingedien is, ter tafel lê. Geen verklaring deur enige persoon gemaak, mag ter tafel gelê word tensy dit in die vorm van 'n behoorlike geswore of bevestigde beëdigde verklaring is nie;

(c) moet die beskuldigde vervolgens gevra word of hy sodanige getuienis aanvaar of indien hy begerig is om die persoon of persone wie se beëdigde verklaring of verklarings ter tafel gelê is, onder kruisverhoor te neem. Indien die beskuldigde geen beswaar het tot die getuienis nie, moet hy 'n verklaring tot dien effekte onderteken, maar indien hy begerig is om enige persoon wie se beëdigde verklaring ter tafel gelê is, onder kruisverhoor te neem, moet die gesegde beëdigde verklaring nie toegelaat word in getuienis nie tensy die deponent voor die komitee verskyn en homself onderwerp aan kruisverhoor deur of namens die beskuldigde: Met dien verstande dat waar enige gedeelte van die getuienis wat ter tafel gelê is, 'n behoorlike gesertifiseerde kopie is van 'n oorkonde van 'n geregshof, moet sodanige kopie aanvaar word as *prima facie*-bewys van die verrigtinge van sodanige hof;

(d) wanneer al die getuienis ten behoewe van die klaer gelei is of ter ondersoek voorgelê is, moet die beskuldigde die geleentheid gebied word om getuienis te lei in antwoord op of weerlegging van die klag; en

(e) by die afsluiting van die getuienis gelei deur of ten behoewe van die beskuldigde, moet die beskuldigde die geleentheid gebied word om die verhoor toe te spreek, hetsy persoonlik of deur sy advokaat of prokureur.

(3) Wanneer die beskuldigde sonder goeie rede in gebreke bly of weier om te verskyn—

(a) moet die president die dagvaarding geadresseer aan die beskuldigde voorlees en moet bewys van behoorlike bediening daarvan ter tafel lê;

(b) getuienis moet dan afgelê of gelei word deur of ten behoewe van die klaer ter ondersteuning van die klag; en

(c) indien geen getuienis gelei of afgelê word ten behoewe van die beskuldigde nie, mag die klaer nie, hetsy persoonlik of deur sy advokaat of prokureur, die komitee toespreek nie.

(4) Wanneer nog die klaer nog die beskuldigde verskyn, mag die komitee na goeddunke, die verhoor of uitstel of sluit, of mag voortgaan met die verhoor in die afwesigheid van die gesegde partye.

(5) Enige persoon wat getuienis aflê by 'n verhoor moet eers ondervra word deur of namens die party deur wie hy opgeroep is, en mag daarna onder kruisverhoor geneem word deur of namens die ander party. Daarna mag hy weer ondervra word deur of namens die party deur wie hy opgeroep is. Sodanige persoon mag dan, met die toestemming van die president, ondervra word deur lede van die komitee.

(6) Alle mondelinge getuienis afgelê by 'n verhoor moet onder eed of plegtige verklaring geskied, en indien enige getuie of deponent in gebreke bly om onderwerp te word aan kruisverhoor, mag die komitee weier om sy getuienis toe te laat tot enige dokument of verklaring.

(7) Wanneer al die beskikbare getuienis gelei is deur of namens beide die klaer en die beskuldigde, moet die komitee daaroor in komitee beraadslaag.

(8) Die beskuldigde mag by 'n verhoor verteenwoordig word ingevolge hierdie reëls deur 'n advokaat of 'n prokureur of albei.

(9) Indien die beskuldigde of enige ander persoon die verrigtinge by 'n verhoor sou dwarsboom, mag die komitee na goeddunke verdaag of die verhoor uitstel of beveel dat die beskuldigde of sodanige ander persoon verwyder word, en mag die verhoor voortsit in sy afwesigheid.

(10) Indien die beskuldigde onskuldig bevind word op die klag, moet die raad en die beskuldigde onverwyld ooreenkomstiglik verwittig word, en sy naam en die aard van die klag waarop hy onskuldig bevind is, moet deur die komitee gepubliseer word slegs indien die beskuldigde versoek dat dit gedoen word.

(11) Indien die beskuldigde skuldig bevind word op die klag, mag die besluit van die komitee en die straf deur die komitee aan die beskuldigde opgelê, na goeddunke van die komitee gepubliseer word: Met dien verstande dat kennisgewing van sodanige besluit en straf aan die raad, die beskuldigde en die klaer skriftelik oorgedra moet word binne twee weke vanaf die datum waarop sodanige besluit geneem is.

(12) Enige beslissing wat betrekking het op die kostes van die verhoor wat die komitee mag vel ingevolge artikel 29 (1) van die Wet, moet verhaalbaar wees van die betrokke persoon en hy moet sodanige koste betaal binne die tydperk gestipuleer deur die komitee.

(13) Enige besluit van die komitee ten opsigte van enige punt wat voortspruit in verband met, of in die verloop van, enige verhoor wat belê is ingevolge hierdie reëls moet in komitee geneem word.

(14) Die verrigtinge van alle verhore moet deur die raad bewaar word in die vorm van getikte notules, eg verklaar na bevestiging, deur die handtekening van die president so spoedig redelikerwys moontlik nadat die verhoor voltooi is.

(15) 'n Persoon geregistreer ingevolge die Wet in dieselfde afdeling van die register as die beskuldigde, mag 'n verhoor bywoon: Met dien verstande dat die komitee die reg sal hê om enige persoon uit te sluit: Met dien verstande voorts dat die redes vir sodanige uitsluiting in die notule aangeteken moet word.

HOOFSTUK X

Titels en letters van betiteling

18. (1) 'n Professionele landmeter wat geregistreer is ingevolge artikel 20 van die Wet mag na sy naam die letters en titel Pr. L. (S.A.) (Professionele Landmeter, Suid-Afrika) byvoeg: Met dien verstande dat die raad van tyd tot tyd sodanige kategorieë van Professionele Landmeter en die betiteling soos deur omstandighede genoodsaak sal word, mag bepaal.

(2) 'n Professionele landmeter-in-opleiding wat geregistreer is ingevolge reël 7 (6) mag na sy naam sy akademiese kwalifikasie en die titel (Professionele Landmeter-in-Opleiding) byvoeg.

(3) 'n Opmeter wat geregistreer is ingevolge reël 8 (1) of (3), mag na sy naam die letters en titel O. (S.A.) (Opmeter, Suid-Afrika) byvoeg.

(4) 'n Opmetingstegnikus wat geregistreer is ingevolge reël 8 (2) of (5) mag na sy naam die letters en titel OT (SA) (Opmetingsteginikus, Suid-Afrika) byvoeg.

(5) 'n Opmetingstegnikus-in-Opleiding wat geregistreer is ingevolge reël 8 (4) (a), mag na sy naam sy akademiese kwalifikasie en die titel (Opmetingstegnikus-in-Opleiding) byvoeg.

VORM A

AANSOEK OM 'N SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE AS 'N PROFESSIONELE LANDMETER INGEVOLGE ARTIKEL 20 (3) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE LANDMETERS EN TEGNIESE OPMETERS, 1984 (WET 40 VAN 1984)

Die Registrateur
Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Landmeters en Tegniese Opmeters

Ek, die ondergetekende (volle naam) .....

.....

van (adres) .....

.....

.....

en geregistreer as 'n landmeter ingevolge artikel 10 (4) van die Landmetersregistrasiewet, 1950 (Wet 14 van 1950), doen hiermee aansoek om 'n sertifikaat van registrasie as 'n professionele landmeter ingevolge artikel 20 (3) van die Wet op Professionele Landmeters en Tegniese Opmeters, 1984 (Wet 40 van 1984).

....

Plek *Datum* *Handtekening*

VORM B

AANSOEK OM REGISTRASIE AS 'N PROFESSIONELE LANDMETER-IN-OPLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 21 (1) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE LANDMETERS EN TEGNIESE OPMETERS 1984 (WET 40 VAN 1984)

Ek die ondergetekende (volle name) .....

van (adres) .....

.....

.....

het voldoen aan die vereistes van artikel 20 (1) (b) van die Wet op Professionele Landmeters en Tegniese Opmeters, 1984 (Wet 40 van 1984), en doen derhalwe hiermee aansoek ingevolge Artikel 21 (1) van die gesegde Wet, om registrasie as 'n professionele landmeter-in-opleiding. Die aangehegde gesertifiseerde kopie van die graad/diploma*-sertifikaat uitgereik deur die Universiteit van..... .....word hiermee deur my ingedien ter ondersteuning van my aansoek.

Ek verklaar onder eed/verklaar plegtig * dat die inhoud van hierdie aansoek juis is en verder—

(a) dat ek nie volgens die reg as 'n geestesongestelde persoon aangehou word nie;

(b) dat ek nog nooit weens 'n misdryf skuldig bevind is ten opsigte waarvan ek tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie;

(c) dat ek nog nooit weens onbehoorlike gedrag van 'n vertrouensamp onthef is nie;

(d) dat ek nie gediskwalifiseer is vir registrasie ingevolge hierdie Wet nie of voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ingevolge 'n ander wet op registrasie van landmeters aldus gediskwalifiseer is nie;

(e) dat ek insolvent is/nie insolvent is nie*, dat ek van my boedel afstand gedoen het/nie van my boedel afstand gedoen het nie* ten voordele van my skuldeisers en dat ek met my/nie met my* skuldeisers 'n skikking aangegaan het nie.

....

Plek *Datum* *Handtekening*

Ek sertifiseer dat voor die deponent die eed/plegtige verklaring* afgelê het, ek aan hom die volgende vrae gestel het en sy antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) ken en begryp u die inhoud van die deklarasie?

Antwoord .....

(ii) het u enige beswaar om die voorgeskrewe eed te neem/die voorgeskrewe plegtige verklaring* af te lê?

Antwoord .....

(iii) beskou u die voorgeskrewe eed/plegtige verklaring* as bindend op u gewete?

Antwoord .....

Ek sertifiseer dat die deponent erken het dat hy die inhoud van hierdie deklarasie wat voor my onder eed bevestig is/bekragtig is* ken en begryp, en die deponent se handtekening is in my teenwoordigheid aangebring.

.....

Kommissaris van Ede

Betiteling (rang).....

Datum ..... Plek .....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

VORM C

AANSOEK OM REGISTRASIE AS 'N PROFESSIONELE LANDMETER INGEVOLGE ARTIKEL 20 (2), (4) OF 21 (2) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE LANDMETERS EN TEGNIESE OPMETERS 1984 (WET 40 VAN 1984)

Ek die ondergetekende (volle name) .....

van (adres) .....

.....

.....

doen hiermee aansoek om registrasie as 'n professionele landmeter.

Ek verklaar onder eed/verklaar plegtig* dat die inhoud van hierdie aansoek juis is en verder—

(a) dat ek die persoon is wat genoem word in meegaande brief onderteken deur die Hoofdirekteur van Opmetings en Kartering* en op die gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies wat ek wens in die register te laat aanteken wat hiermee deur my ter ondersteuning van my aansoek ingedien word.

(b) dat ek nie volgens die reg as 'n geestesongestelde persoon aangehou word nie;

(c) dat ek nog nooit weens 'n misdryf skuldig bevind is ten opsigte waarvan ek tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie;

(d) dat ek nog nooit weens onbehoorlike gedrag van 'n vertrouensamp onthef is nie;

(e) dat ek nie gediskwalifiseer is vir registrasie ingevolge hierdie Wet nie of voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ingevolge 'n ander wet op registrasie van landmeters aldus gediskwalifiseer is nie;

(f) dat ek insolvent is/nie insolvent is nie*, dat ek van my boedel afstand gedoen het/nie van my boedel afstand gedoen het nie* ten voordele van my skuldeisers en dat ek met my/nie met my* skuldeisers 'n skikking aangegaan het nie.

....

Plek *Datum* *Handtekening*

Ek sertifiseer dat voor die deponent die eed/plegtige verklaring* afgelê het, ek aan hom die volgende vrae gestel het en sy antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) ken en begryp u die inhoud van die deklarasie?

Antwoord .....

(ii) het u enige beswaar om die voorgeskrewe eed te neem/die voorgeskrewe plegtige verklaring* af te lê?

Antwoord .....

(iii) beskou u die voorgeskrewe eed/plegtige verklaring* as bindend op u gewete?

Antwoord .....

Ek sertifiseer dat die deponent erken het dat hy die inhoud van hierdie deklarasie wat voor my onder eed bevestig is/bekragtig is* ken en begryp, en die deponent se handtekening is in my teenwoordigheid aangebring.

.....

Kommissaris van Ede

Betiteling (rang).....

Datum ..... Plek .....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

VORM D

AANSOEK OM REGISTRASIE AS 'N OPMETER INGEVOLGE ARTIKEL 22 (1) (a), OF 3 (a) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE LANDMETERS EN TEGNIESE OPMETERS, 1984 (WET 40 VAN 1984)

Ek die ondergetekende (volle name) .....

van (adres) .....

.....

.....

doen hiermee aansoek om registrasie as 'n opmeter.

Ek verklaar onder eed/verklaar plegtig* dat die inhoud van hierdie aansoek juis is en verder—

(a) dat ek die persoon is wat genoem word in meegaande brief onderteken deur die Hoofdirekteur van Opmetings en Kartering* en op die gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies wat ek wens in die register te laat aanteken wat hiermee deur my ter ondersteuning van my aansoek ingedien word.

(b) dat ek nie volgens die reg as 'n geestesongestelde persoon aangehou word nie;

(c) dat ek nog nooit weens 'n misdryf skuldig bevind is ten opsigte waarvan ek tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie;

(d) dat ek nog nooit weens onbehoorlike gedrag van 'n vertrouensamp onthef is nie;

(e) dat ek nie gediskwalifiseer is vir registrasie ingevolge hierdie Wet nie of voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ingevolge 'n ander wet op registrasie van landmeters aldus gediskwalifiseer is nie;

(f) dat ek insolvent is/nie insolvent is nie*, dat ek van my boedel afstand gedoen het/nie van my boedel afstand gedoen het nie* ten voordele van my skuldeisers en dat ek met my/nie met my* skuldeisers 'n skikking aangegaan het nie.

....

Plek *Datum* *Handtekening*

Ek, sertifiseer dat voor die deponent die eed/plegtige verklaring* afgelê het, ek aan hom die volgende vrae gestel het en sy antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) ken en begryp u die inhoud van die deklarasie?

Antwoord .....

(ii) het u enige beswaar om die voorgeskrewe eed te neem/die voorgeskrewe plegtige verklaring* af te lê?

Antwoord .....

(iii) beskou u die voorgeskrewe eed/plegtige verklaring* as bindend op u gewete?

Antwoord .....

Ek sertifiseer dat die deponent erken het dat hy die inhoud van hierdie deklarasie wat voor my onder eed bevestig is/bekragtig is* ken en begryp, en die deponent se handtekening is in my teenwoordigheid aangebring.

Betiteling(rang) ....

Kommisaris van Ede

Datum ..... Plek .....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

VORM E

AANSOEK OM REGISTRASIE AS 'N OPMETINGSTEGNIKUS INGEVOLGE ARTIKEL 22 (2) OF 3 (b) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE LANDMETERS EN TEGNIESE OPMETERS, 1984 (WET 40 VAN 1984)

Ek die ondergetekende (volle name) .....

van (adres) .....

.....

.....

doen hiermee aansoek om registrasie as 'n opmetingstegnikus.

Ek verklaar onder eed/verklaar plegtig* dat die inhoud van hierdie aansoek juis is en verder—

(a) dat ek die persoon is wat genoem word in meegaande sertifikaat onderteken deur die Hoofdirekteur van Opmetings en Kartering* en op die gesertifiseerde kopieë van kwalifikasies wat ek wens in die register te laat aanteken wat hiermee deur my ter ondersteuning van my aansoek ingedien word.

(b) dat ek nie volgens die reg as 'n geestesongestelde persoon aangehou word nie;

(c) dat ek nog nooit weens 'n misdryf skuldig bevind is ten opsigte waarvan ek tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie;

(d) dat ek nog nooit weens onbehoorlike gedrag van 'n vertrouensamp onthef is nie;

(e) dat ek nie gediskwalifiseer is vir registrasie ingevolge hierdie Wet nie of voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ingevolge 'n ander wet op registrasie van landmeters aldus gediskwalifiseer is nie;

(f) dat ek insolvent is/nie insolvent is nie*, dat ek van my boedel afstand gedoen het/nie van my boedel afstand gedoen het nie* ten voordele van my skuldeisers en dat ek met my/nie met my* skuldeisers 'n skikking aangegaan het nie.

....
Plek *Datum* *Handtekening*

Ek sertifiseer dat voor die deponent die eed/plegtige verklaring* afgelê het, ek aan hom die volgende vrae gestel het en sy antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) ken en begryp u die inhoud van die deklarasie?

Antwoord .....

(ii) het u enige beswaar om die voorgeskrewe eed te neem/die voorgeskrewe plegtige verklaring* af te lê?

Antwoord .....

(iii) beskou u die voorgeskrewe eed/plegtige verklaring* as bindend op u gewete?

Antwoord .....

Ek sertifiseer dat die deponent erken het dat hy die inhoud van hierdie deklarasie wat voor my onder eed bevestig is/bekragtig is* ken en begryp, en die deponent se handtekening is in my teenwoordigheid aangebring.

Betiteling(rang) ....
Kommissaris van Ede

Datum ..... Plek .....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

VORM F

AANSOEK OM REGISTRASIE AS 'N OPMETINGSTEGNIKUS-IN-OPLEIDING INGEVOLGE ARTIKEL 23 (1) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE LANDMETERS EN TEGNIESE OPMETERS, 1984 (WET 40 VAN 1984)

Ek die ondergetekende (volle name) .....

van (adres) .....

.....

.....

.....

.....

doen hiermee aansoek om registrasie as 'n opmetingstegnikus-in-opleiding.

Ek verklaar onder eed/verklaar plegtig* dat die inhoud van hierdie aansoek juis is en verder—

(a) dat ek die persoon is wat genoem word in meegaande gesertifiseerde kopie van die sertifikaat wat aandui dat ek die..... standerd of 'n gelykwaardige eksamen geslaag het, wat ter ondersteuning van my aansoek ingedien word.

(b) dat ek nie volgens die reg as 'n geestesongestelde persoon aangehou word nie;

(c) dat ek nog nooit weens 'n misdryf skuldig bevind is ten opsigte waarvan ek tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie;

(d) dat ek nog nooit weens onbehoorlike gedrag van 'n vertrouensamp onthef is nie;

(e) dat ek nie gediskwalifiseer is vir registrasie ingevolge hierdie Wet nie of voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, ingevolge 'n ander wet op registrasie van landmeters aldus gediskwalifiseer is nie;

(f) dat ek insolvent is/nie insolvent is nie*, dat ek van my boedel afstand gedoen het/nie van my boedel afstand gedoen het nie* ten voordele van my skuldeisers en dat ek met my/nie met my* skuldeisers 'n skikking aangegaan het nie.

....
Plek *Datum* *Handtekening*

Ek sertifiseer dat voor die deponent die eed/plegtige verklaring* afgelê het, ek aan hom die volgende vrae gestel het en sy antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) ken en begryp u die inhoud van die deklarasie?

Antwoord .....

(ii) het u enige beswaar om die voorgeskrewe eed te neem/die voorgeskrewe plegtige verklaring* af te lê?

Antwoord .....

(iii) beskou u die voorgeskrewe eed/plegtige verklaring* as bindend op u gewete?

Antwoord .....

Ek sertifiseer dat diedeponent erken het dat hy die inhoud van hierdie deklarasie wat voor my onder eed bevestig is/bekragtig is* ken en begryp, en die deponent se handtekening is in my teenwoordigheid aangebring.

Betiteling(rang) ....

Kommissaris van Ede

Datum ..... Plek .....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie.

VORM G

EED OF PLEGTIGE VERKLARING WAT BETREKKING HET OP DIE PRAKTISERING VAN 'N PROFESSIE OF BEROEP

Ek die ondergetekende, (volle naam) .....

.....

verklaar plegtig en opreg onder eed/verklaar plegtig* dat ek die pligte van 'n .....
nougeset en sonder partydigheid, vrees, guns of toegeneentheid sal vervul en alle regulasies en reëls wat daardie pligte wat nou van krag is, definieer, of wat hierna op bevoegde gesag ingestel sal word, sal gehoorsaam.

....

Plek *Datum* *Handtekening*

Ek sertifiseer dat voor die deponent die eed/plegtige verklaring* afgelê het, ek aan hom die volgende vrae gestel het en sy antwoorde in sy teenwoordigheid neergeskryf het:

(i) Ken en begryp u die inhoud van hierdie deklarasie?

Antwoord .....

(ii) Het u enige beswaar om die voorgeskrewe eed te neem/die voorgeskrewe plegtige verklaring* af te lê?

Antwoord .....

(iii) Beskou u die voorgeskrewe eed/plegtige verklaring* as bindend op u gewete?

Antwoord .....

Ek sertifiseer dat die deponent erken het dat hy die inhoud van hierdie deklarasie wat voor my onder eed bevestig is/bekragtig is*, ken en begryp, en die deponent se handtekening is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

Betiteling(rang) ....

Kommissaris van Ede

Datum ..... Plek .....

* Haal deur wat nie van toepassing is nie

VORM H

DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR PROFESSIONELE LANDMETERS EN TEGNIESE OPMETERS

REGISTRASIESERTIFIKAAT

[Uitgereik kragtens die Wet op Professionele Landmeters en Tegniese Opmeters, 1984 (Wet 40 van 1984)]

Hiermee word gesertifiseer dat (volle naam).....

.....

geregistreer is as.....
ingevolge die Wet op Professionele Landmeters en Tegniese Opmeters, 1984, en word gemagtig om sy professie of beroep te bedryf in enige deel van die Republiek van Suid-Afrika ingevolge die gesegde Wet en die Reëls daarkragtens opgestel.

Gegee onder die Seël van die Raad hierdie ..... dag van .....19.....

.....

Voorsitter

.....

Registrateur

.....

Datum

VORM J

VORM VAN DAGVAARDING

Aan.....

.....

.....

.....

U word hiermee gedagvaar om te verskyn te ..... op die.....dag van ..... 19..... te .....voor 'n komitee van ondersoek van die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Landmeters en Tegniese Opmeters, wanneer die volgende aanklag, wat teen u ingebring is, oorweeg sal word.....

.....

.....

.....

Sou u versuim om te verskyn mag die komitee van ondersoek die aanklag oorweeg en daarmee handel in ooreenstemming met die tersaaklike reëls.

Sou u u beëdigde verklaring verlang, gedateer.....

of enige verdere skriftelike mededeling wat u mag maak ten einde u verduideliking of verdediging saam te stel, geliewe my tot dien effekte so spoedig moontlik in kennis te stel, en nie later nie as ..... maar u word hiermee gewaarsku dat enige sodanige mededeling in getuienis gebruik mag word.

'n Kopie van die tersaaklike reëls word ingesluit.

Gegee onder die Hand van die President van die Raad, hierdie.....dag van.....19.....

.....

President van die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Landmeters en Tegniese Opmeters

L. A. COURSE, President.

Let wel.— Die Engelse weergawe is die amptelike weergawe.

CAPE • KAAP

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE

'n Spesiale vergadering van die Konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch sal gehou word in die H. B. Thom-teater op Donderdag, 14 Maart 1985, om 19h30.

AGENDA

1. Konstituering.
2. Notule van die vorige vergadering.
3. Oorweging van 'n gewysigde prosedure vir die verkiesing van die Kanselier van die Universiteit.

J. R. Olivier, Sekretaris.

APPLICATIONS FOR REGISTRATION OF TRADE MARKS IN SOUTH WEST AFRICA

(Applications accepted in terms of Act 48 of 1973)

Any person who has grounds for objection to any of the following trade marks may, within the prescribed time, lodge Notice of Opposition on form SM 6 contained in the Second Schedule to the Trade Marks Rules in South West Africa, 1973. The prescribed time is two months after the date of advertisement. This period may on application be extended by the Registrar.

Formal opposition should not be lodged until after notice has been given by letter to the applicant for registration so as to afford him an opportunity of withdrawing his application before the expense of preparing the Notice of Opposition is incurred. Failing such notice to the applicant an opponent may not succeed in obtaining an order for costs.

"B" preceding the number indicates Part B of the Trade Mark Register.

REGISTRAR OF TRADE MARKS FOR SOUTH WEST AFRICA

AANSOEKE OM REGISTRASIE VAN HANDELSMERKE IN SUIDWES-AFRIKA

(Aansoeke aangeneem ingevolge Wet 48 van 1973)

Enigiemand wat beswaar het teen enige van die onderstaande handelsmerke kan, binne die voorgeskrewe tydperk op vorm SM 6, vervat in die Tweede Bylae van die Handelsmerkregulasies in Suidwes-Afrika, 1973, Kennisgewing van Beswaar indien. Die voorgeskrewe tydperk is twee maande na die datum van advertensie. Hierdie tydperk kan op aansoek deur die Registrateur verleng word.

Formele beswaar moet nie ingedien word voordat die applikant om registrasie per brief van die beswaar in kennis gestel is nie, ten einde hom in die geleentheid te stel om sy aansoek terug te trek voordat onkoste in verband met die opstel van 'n Kennisgewing van Beswaar aangegaan word. By gebreke van so 'n kennisgewing aan die applikant, kan koste teen die beswaarmaker uitgewys word.

"B" voor die nommer dui aan Deel B van die Handelsmerkregister.

REGISTRATEUR VAN HANDELSMERKE VIR SUIDWES-AFRIKA

CLASS 16

B84/1056 (SWA) in Class 16: Paper and paper articles; cardboard and cardboard articles; packaging materials and articles included in this class, for protecting packaging, laminated paper board and laminated cardboard including those having protective plastic coating and articles made therefrom included in this class; in the name of KOHLER LIMITED, a South African Company, of Second Floor, Kohler House, 4 Pybus Road, SANDTON. Address for service: Messrs. D. M. Kisch Incorporated, Corporation Building, Commissioner Street, JOHANNESBURG.

Kohler

FILED: 14 September 1984.

CLASS 32

B84/0899 (SWA) in Class 32: Beer, ale and porter; malt liquors, cereal beverages and mageu included in this class; in the name of OHLSSON'S CAPE BREWERIES LIMITED—a South African company; of 2 Jan Smuts Avenue, Braamfontein, Johannesburg, Transvaal, Republic of South Africa. Address for Service: Messrs. Adams & Adams, Masada Building, Paul Kruger Street, Pretoria.

ESPECIALLY BREWED FOR THAT SMOOTHER TASTE

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "BREWED", or of the words "SMOOTHER TASTE" each separately and apart from the mark.

Section 24 (1) (b) application.

FILED: 15 August 1984.

CLASS 29

84/0973 (SWA) in Class 29: Vegetables and vegetable products, dairy products including milk and milk powders; products included in this class made from or containing milk; milk substitutes and milk simulates; creamers and whiteners; edible oils and fats; in the name of BORDEN, INC., a Corporation organised under the laws of the State of New Jersey, of 277 Park Avenue, New York, New York 10017, United States of America. Address for service: Messrs. Adams and Adams, Masada Building, Paul Kruger Street, PRETORIA.

MAKE A LITRE

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "MAKE", or of the word "LITRE", each separately and apart from the mark.

Associated with 84/0974 (SWA).

FILED: 28 August 1984.

CLASS 29

84/0974 (SWA) in Class 29: Vegetables and vegetable products, dairy products including milk and milk powders; products included in this class made from or containing milk; milk substitutes and milk simulates; creamers and whiteners; edible oils and fats; in the name of BORDEN, INC., a Corporation organised under the laws of the State of New Jersey, of 277 Park Avenue, New York, New York 10017, United States of America. Address for service: Messrs. Adams and Adams, Masada Building, Paul Kruger Street, PRETORIA.

MAAK 'N LITER

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "MAAK", or of the word "LITER", each separately and apart from the mark.

Associated with 84/0973 (SWA).

FILED: 28 August 1984.

CLASS 27

84/1020 (SWA) in Class 27: Carpets, rugs, mats and matting; linoleums and other materials for covering floors; wall hangings (non-textile); in the name of FLORTIME (PROPRIETARY) LIMITED, a South African company of 32 Manchester Street, Jacobs, Natal, Republic of South Africa. Address for Service: Messrs. Adams & Adams, Masada Building, Paul Kruger Street, Pretoria.

GRADUATE

FILED: 7 September 1984.

CLASS 12

84/A1071 (SWA) in Class 12: Vehicles; apparatus for locomotion by land, air, or water; in the name of CROCO TECHNOLOGY (PROPRIETARY) LIMITED, a South African Company of c/o H. H. Brandt, Fifth Floor, Rashers Corner, 70 Loveday Street, Johannesburg, Transvaal, Republic of South Africa. Address for service: Messrs. Adams & Adams, Masada Building, Paul Kruger Street, Pretoria.

CROCO

FILED: 18 September 1984.

CLASS 17

84/0983 (SWA) in Class 17: Materials for packing, stopping or insulating including foil/plastic/foil laminations used for insulating purposes in all industrial, agricultural and domestic structures where a reflective material is used as insulation against radiated heat; selfadhesive tapes used in the sealing of reflective insulation sheeting, included in this class; in the name of DRG (PROPRIETARY) LIMITED, a South African Company, of Second Floor, Pine Park, Forest Drive, PINELANDS, CAPE. Address for service: Messrs. D. M. Kisch Incorporated, Corporation Building, Commissioner Street, JOHANNESBURG.

THERM-O-FOIL

Registration of this trade mark shall give no right to the exclusive use of the word "FOIL" and the letter "O", each separately and apart from the mark.

FILED: 29 August 1984.

CLASS 30

84/1014 (SWA) in Class 30: Wheaten and maize products, cereals and cereal products; flour and meal baking mixtures; confectionery; prepared mixes for cakes, puddings and breakfast foods, included in this class; in the name of RUTO MILLS (PROPRIETARY) LIMITED, a South African Company, of 6 President Burgers Street, Pretoria West, Transvaal. Address for service: Messrs. D. M. Kisch Incorporated, Corporation Building, Commissioner Street, Johannesburg.

HARVEST

FILED: 6 September 1984.

NOTICE

AMENDMENT OF TRADE MARK 79/1511 (SWA) IN TERMS OF SECTION 34 (1) OF THE TRADE MARKS IN SOUTH WEST AFRICA, ACT, No. 48 OF 1973

Application has been made for amendment of abovementioned trade mark to the form shown hereunder:

